KLEINVEEPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

Die NAMPO/ALFA 2020 aanlyn-kleinveeprogram.

2020 het inderdaad uitdagings kom stel aan hoe ons doen wat ons doen, maar ook geleenthede gebied wat ons andersins sou mis! Dit geld ook vir ons kleinveeprogram by NAMPO/ALFA 2020. Die aanbieding van die geleentheid op 24-26 September 2020 te Nampopark is amptelik op 1 Julie 2020 weens die Covid-19 regulasies gekanseleer. Daar is ook op hierdie stadium geen moontlikeid dat die geleentheid uitgestel sal word tot 'n latere datum nie. Daar behoort ook geen verdere verandering van die reëlings van die kleinveeprogram te wees nie. Al die projekte van NAMPO/ALFA 2020 sal dus in 'n aanlyn formaat aangebied word en, hoewel ons dit gaan mis om al die telers op Nampopark te verwelkom, voeg die aanlyn formaat 'n nuwe dimensie tot die projekte toe. Die donker wolk het inderdaad 'n goue randjie en ons sien uit dat die ALFA-veegemeenskap die kleinveeprogram met ons deel.

Nogmaals baie dankie aan al die borge wat hierdie program moontlik maak! Dit spreek van maatskapye en organisasies wat 'n werklike verbintenis tot die bedryf het en nie net "mooiweers-vriende" in goeie tye is nie. Daarom verdien hierdie maatskapye en organisasies die bedryf se ondersteuning. Dit sluit in: **BKB, Barnlab, Nutri Feeds, Qpro Feeds, Die RPO, GWK Veewinkel & SA Stamboek.**

Hier volg die kleinvee program vir die volgende 3 maande. Hierdie datums is redelik finaal en enige veranderinge sal onmiddelik gekommunikeer word. Chéri-Lynn Steyn is die koördineerder van die program en genootskappe en telers kan haar kontak by 071 688 9707 of per epos by SteynC2@ufs.ac.za. Besoek ook die Nampo/ALFA Facebookblad en webblad vir verder inligting.

KLEINVEE PROGRAM: 2020 Kalender		
Datum	**Projek**	**Aksie**
13 Julie	Qpro Groeitoets	Amptelike uitnodiging uitgestuur
21 Julie	BKB Ram prestasie kampioenskap	SA Stamboek stuur ramlyste uit van top 10% ramme
23 Julie	Nutri Feeds Moneymakerooi	SA Stamboek stuur ooilyste uit van kwalifiseerende ooie
10 Aug	Barnlab aanlyn kleinveeskou	Amptelike uitnodigings tot deelname word uitgestuur
7&14 Sept	RPO interras slaglamkompetisie	Lammers word afgelewer by die Sernick abattoir in Kroonstad
10&11 Sept	Qpro Groeitoets	Diere word afgelewer op Stellenbosch
14 Sept	Qpro Groeitoets	Groeitoets begin
21 Sept	BKB Ram prestasie kampioenskap	Video inskrywing sluit
21 Sept	Barnlab aanlyn kleinveeskou	Inskrywings van videos sluit en beoordeling begin
24 Sept	Noordkaap veldramklub veiling	Veiling deur Veewinkel, lewendig/aanlyn op Nampopark aangebied
25 Sept	Barnlab aanlyn kleinveeskou	Beoordelings webinaar vind plaas
1-9 Okt	BKB Ram prestasie kampioenskap	Beoordeling van semifinalste
14 Okt	Barnlab aanlyn kleinveeskou	Bekendmaking van wenners
14 Okt	Die Nasionale Logix Kleinvee Elite-prysuitdeling	SA Stamboek se kleinvee prysuitdeling wat aanlyn aangebied sal word. Aankondiging van BKB ram-prestasiewenners
27 Okt	RPO interras slaglamkompetisie	Bekendmaking van wenners tydens die ALFA/Samic-weninaar
28 Okt	Qpro Groeitoets	Afsluiting van groeitoets
28 Okt-2 Nov	Qpro Groeitoets	Verwydering van diere vannaf die US proefplaas
2 Nov	Qpro Groeitoets	Prysuitdeling en vrystelling van die resultate (US proefplaas)

KLEINVEEPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

1. BKB Nasionale Ramprestasiekampioenskap

Hierdie kompetisie poog om ’n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling te skep. Die **top 10-jongramme** (Ongewissel) word op grond van **prestasiedata** binne elke ras deur SA Stamboek (die registrasie-owerheid vir alle kleinveerasse) aangewys. Elke genootskap kan self bepaal wat die ouderdom van die ramme moet wees. Kontak asb vir Dr Japie van der Westhuizen om dit te bespreek. Die onderskeie telers van die **top 5** ramme op die finale top-tien lys van elke ras word versoek om ‘n **WhatsApp-video** van elke ram in te stuur. (‘n Protokol van hoe die video’s geneem moet word, sal aangestuur word.) Hierdie ramme word op grond van **funksionele doeltreffentheid** beoordeel. ‘n Kortlys van twee tot drie semifinaliste sal deur ‘n BKB-verteenwoordiger vir die finale beoordeling besoek word. Hierdie doeltreffendheidspunt (50%), plus die prestasiemetingspunt (50%), bepaal dan die **finale volgorde** van die BKB top 10-ramlys per ras. Elkeen van die ramme op die top-10 lys van die ras ontvang ‘n sertifikaat en word op die ererol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. Let wel dat hierdie **nie ‘n interrasbeoordeling** is nie en dat verskillende rasse nie met mekaar vergelyk sal word nie.

2. Die Barnlab aanlyn kleinveeprestasieskou.

Hierdie is ’n **splinternuwe inisiatief** wat gebore is uit die realiteit van die nasionale inperking, wat veroorsaak het dat geen skou in 2020 plaasgevind het nie. Die doel is om die aanlynskou-benadering te toets, **’n algemeen aanvaarbare aanlyn-protokol op te stel**, die toekomstige aanbieding daarvan te bepaal en om elke ras die geleentheid te gee om wel 2020-kampioene aan te wys. Elke genootskap word genooi om **5 telers** in te skryf, elk met ‘n senior- en ‘n juniorram. Elke ras neem deel op grond van die kriteria wat die betrokke genootskap self bepaal (ouderdom, rasstandaard, ens.) en nomineer ook ‘n beoordeellaar op die paneel vir daardie ras. Elke teler se inskrywing moet ‘n **WhatsApp-video** van sy/haar dier insluit wat hy/sy self geneem het. Hierdie video’s word dan beoordeel deur ‘n beoordeellaarspaneel bestaande uit ‘n onafhanklike, ALFA-genomineerde beoordelaar, ‘n BKB-verteenwoordiger, die naamborg en maksimum twee verteenwoordigers wat deur die genootskap genomineer word. **Twee of drie semifinaliste** word dan uit elke ras aangewys. ‘n Verteenwoordiger van die borg sal dan elke semifinalis besoek en ‘n video van die dier neem wat **lewendig** aan die beoordeellaarspaneel gestuur sal word, waarna die wenner vir elke ras aangewys sal word. ‘n **Beoordeellingswebinaar** word saam met Agri Gauteng aangebied om die protokol te bespreek en deur te trap. Elke wenner wen ‘n prys, asook die titel van raswenner vir 2020. Wenners word op die Nampo/ALFA pryswenners webinaar aangekondig. Let wel dat hierdie **nie ‘n interrasbeoordeling** is nie en dat verskillende wenners van verskillende rasse nie met mekaar vergelyk sal word nie. Barnlab gaan ook voer aan telers teen ‘n gesubsideerde prys beskikbaar stel wat ramme nog wil voorberei.

3. Nutri Feeds Moneymaker Ooi-uitstalling

Die kompetisie beoog om **al die ooie in elke ras** wat die Moneymaker-titel verdien, aan te wys en erkenning te gee. Diere met ’n geboorte-aanmelding vanaf **1 Januarie 2015** of later kwalifiseer vir die kompetisie. Ooie mag dus nie ouer as vyf jaar wees nie. Elkeen van hierdie ooie ontvang ‘n sertifikaat en word op die ererol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. SA Stamboek sal elke ras se kwalifiseerders aan die genootskap stuur op grond van die volgende **kwalifikasies**: meer as vier lammers gespeen (sy moes elke jaar gelam het); meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees; en die ooi moet self ’n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

4. RPO Interras Slaglam- en Karkaskampioenskap

Onderskeie kleinveerasse word genooi om telers van dié ras aan te moedig om **vier suiwer slagdiere** vir die interras-slaglam kompetisie in te skryf om hul ras te verteenwoordig. Inskrywings vind onder die vaandel van die betrokke rasgenootskap plaas. Genootskappe moet self die rassuiwerheid van die diere bevestig. Diere hoef nie geregistreer te wees nie, maar mag nie kruisings wees nie. Sernick, ons abbatoir-borg, sal die lammers **7 September ontvang** en slag en Samic sal die karkas evaluerings doen. Die suiwer lammers in 'n ras wat die beste vaar, verteenwoordig dan daardie ras in 'n interrasbeoordeling wat uiteindelik **die interrasslaglamwenner** (enkelkarkas) en groep van vier sal aandui. Die wenners wat aangewys word sal, op ALFA/Samic slagvee webinaar bekend gemaak word tydens Oktober 2020.

5. QPro nasionale groeitoets saam met die Universiteit van Stellenbosch

Hierdie is **'n eerste vir die SA kleinveebedryf!** Elke genootskap word genooi om 10 jong ramme te nomineer om aan hierdie nasionale groeitoets deel te neem. Die genootskap bepaal self die ouderdom asook die kriteria wat gebruik word om die diere te identifiseer. Diere word by die RFID-kompleks op die **Universiteit van Stellenbosh-terrein** aan 'n groeitoets onderwerp wat elkeen se voeromset-verhouding (VV) en gemiddelike daaglikse toename (GDT) bereken. QPro se voere word tydens die toets gebruik. Die toets geskied **onder toesig van die Universiteit van Stellenbosch** se Veekunde-departement asook SA Stamboek. Daar is geen inskrywingskoste nie en die voer word deur QPro voorsien. Die enigste koste wat telers aangaan, is dat diere self na Stellenbosch gebring en weer opgetel moet word. Die wenram van elke ras word aangewys en elke teler ontvang 'n volledige verslag van sy diere wat deel van die toets was.

6. Die Noordkaap-veldramveiling, aangebied deur Veewinkel

Uitgesoekte ramme van die Noordkaap-veldramklub word op hierdie veiling van top-genetika aangebied. Die veiling vind Donderdag 24 September 2020 op Nampopark plaas. Die veiling sal ook aanlyn in ooreenstemming met die Covid19-regulasies aangebied word.

7. SA Stamboek-program

Funksies en geleenthede wat deel van die SA Stamboek-program uitmaak, vind steeds plaas tydens NAMPO/ALFA op 24, 25 & 26 September 2020 te Nampopark. Beplande tydsgleuwe bly onveranderd. Die presiese formaat sal deur die gegewe Covid-19-regulasies bepaal word. Dit sal in alle gevalle as 'n aanlyn uitsending geskied. Dit sluit in:

- **Die Nasionale SA Stamboek Elite-prysuitdeling**
- **Die Nasionale Logix Kleinvee Elite-prysuitdeling**